# Die prys van veranderinge in 2017

**TERTIUS MAREE**
tertius@section.co.za



## DEELTITEL-FORUM

Ek fokus vandag op verskeie aspekte van deeltitelbestuur wat verander het nadat die nuwe wetgewing verlede jaar op 7 Oktober in werking getree het.

En daar is nogal heelwat veranderinge.

Almal is waarskynlik al bewus van die beperking op volmagte (*proxies*) op algemene vergaderings.

Laat my toe om eerstens te noem dat volmagte nooit op trusteevergaderings ter sprake is nie – iets wat as vanselfsprekend mag voorkom, maar waaroor ek dikwels vrae van lesers ontvang.

**Terwyl daar voorheen** geen beperking was op die aantal volmagte wat 'n persoon mag uitoefen nie, bepaal artikel 6 van die Bestuurswet nou dat geen persoon meer as twee volmagte by stemming op 'n algemene vergadering mag uitoefen nie.

Eienaardig genoeg word hierdie bepaling in die wet vervat en nie in die bestuursreëls soos 'n mens sou verwag nie.

Die rede hiervoor is dat die wetgewer dit as so belangrik beskou dat dit nie moontlik moet wees om die reëling te verander nie. Waarom sou dit wees?

**Die bedoeling hieragter** is dat daar in die verlede soveel misbruike rakende volmagte geskied het – ten einde individue in staat te stel om besluitneming te oorheers – dat radikale ingryping nodig geag was.

> **Weer eens is hier 'n prys betaalbaar, want as die trustees of bestuursagent nie die werk doen nie, moet 'n onafhanklike ouditeur gekry word om dit te doen.**

Soos in ander gevalle waar veranderings aangebring is, is 'n prys hiervoor te betaal – naamlik dat dit die verkryging van kworums op algemene vergaderings veel moeiliker, soms selfs onmoontlik, maak.

**Nog 'n belangrike** verandering ten opsigte van die stemproses op algemene vergaderings word in Bestuursreël 20(1)(b) vervat. Hiervolgens moet stemme getel word op die grondslag van waarde van die stemme van die lede teenwoordig of verteenwoordig – behalwe in die geval van 'n spesiale of eenparige besluit.

**Wat beteken die** "waarde" waarvan gepraat word?

Artikel 6(6)(a) van die wet bepaal dat waar die stem van 'n lid volgens waarde getel word, dit die totaal van die deelnemingskwotas van al sy dele behels.

Bestuursreël 20(1)(b) beteken dus dat stemming ten opsigte van "gewone" besluite altyd op grond van deelnemingskwotas en by wyse van stembriewe moet geskied en nooit by wyse van handopsteking nie!

Dit is waarskynlik bedoel om die akkuraatheid van stemtelling te verseker.

Maar weer eens is hier 'n prys te betaal.

Dit maak dit veel moeiliker om stemme te tel omdat jy stembriewe moet gebruik wat vooraf voorberei moet word. Moeilike berekeninge moet dan ook gedoen word om die uitslag te bepaal.

Neem ook in ag dat subreël 8 vereis dat die voorsitter die uitslag, tesame met die berekening daarvan, op die vergadering bekend moet maak.

Die arme bestuursagent!

Die berekening van kworums moet ook slegs volgens deelnemingskwotas bereken word.

Voorheen was die telling vir kworumdoeleindes gedoen deur stemme van lede te tel volgens die getal eenhede wat deur die lede gehou word.

Dit was veel eenvoudiger.

**Maar laat ek eers** 'n wyle van vergaderings en stemming afstap.

Lesers moet ook kennis neem van die bepalings ten opsigte van die oudit van rekeninge.

Bestuursreël 26(5)(a) bepaal dat die jaarlikse oudit van rekeningboeke nie gedoen mag word deur 'n ouditeur wat die finansiële state opgestel het nie. In die verlede was die taak om die jaarlikse finansiële state op te stel dikwels aan die regspersoon se ouditeur opgedra.

Dit is nie meer so nie.

Die rede hiervoor is om objektiwiteit in die ouditproses te bevorder.

Weer eens is hier 'n prys betaalbaar, want as die trustees of bestuursagent nie die werk doen nie, moet 'n onafhanklike ouditeur gekry word om dit te doen.

Ek het dit interessant gevind om na die (b)-gedeelte van die reël te kyk.

Hiervolgens hoef die opstel van rekeningstate nie aan enige geakkrediteerde verslagsraamwerk, soos die algemeen aanvaarde rekeningkundige praktyke (Aarp), te voldoen nie.

Dit bring ten minste 'n bietjie verligting, maar is hier ook 'n prys betaalbaar?

**Die groot vraag waarop** trustees natuurlik nog 'n finale antwoord soek, is of die nuwe voorgeskrewe reëls op bestaande skemas van toepassing is.

Ek het reeds in DeeltitelForum te kenne gegee dat dit wel só is, maar ander kundiges verskil met my hieroor.

Die belangrikheid van 'n antwoord moet nie onderskat word nie, aangesien dit die oorgrote meerderheid van deeltitelskemas ingrypend raak.

Ek kan net meld dat ek om goeie redes oortuig is dat, wat bestaande skemas betref, al hul reëls nou outomaties deur die nuwe voorgeskrewe reëls vervang moet word – behalwe vir reëls wat die lede in die verlede self in plek gestel of aangepas het.

Daar is nog heelwat meer te sê oor veranderinge wat bestuursake raak en dit sal in die komende weke en maande in DeeltitelForum gedoen word.

Intussen is ons almal nog in 'n leerproses.